

**Skriflesing** : Psalm 119 :1-6

**Tema** : Om te soek na wat reg en waar is, en regtig en opreg.

### Broodjies vir die Pad

“It is in the knowledge of the genuine conditions of our lives that we must draw our strength to live and our reasons for living.”

— Simone de Beauvoir-

“People who’ve had any genuine spiritual experience always know that they don’t know. They are utterly humbled before mystery. They are in awe before the abyss of it all, in wonder at eternity and depth, and a Love, which is incomprehensible to the mind.”

— Richard Rohr-

“Scars have the strange power to remind us that our past is real.”

— Cormac McCarthy, All the Pretty Horses-

“Because here’s something else that’s weird but true: in the day-to-day trenches of adult life, there is actually no such thing as atheism. There is no such thing as not worshipping. Everybody worships. The only choice we get is what to worship. And the compelling reason for maybe choosing some sort of god or spiritual-type thing to worship—be it JC or Allah, be it YHWH or the Wiccan Mother Goddess, or the Four Noble Truths, or some inviolable set of ethical principles—is that pretty much anything else you worship will eat you alive. If you worship money and things, if they are where you tap real meaning in life, then you will never have enough, never feel you have enough. It’s the truth. Worship your body and beauty and sexual allure and you will always feel ugly. And when time and age start showing, you will die a million deaths before they finally grieve you. On one level, we all know this stuff already. It’s been codified as myths, proverbs, clichés, epigrams, parables; the skeleton of every great story. The whole trick is keeping the truth up front in daily consciousness.”

— David Foster Wallace, This Is Water: Some Thoughts, Delivered on a Significant Occasion, about Living a Compassionate Life-

“Authenticity is a collection of choices that we have to make every day. It’s about the choice to show up and be real. The choice to be honest. The choice to let our true selves be seen.”

— Brene Brown, The Gifts of Imperfection-

“When you’re struggling with something, look at all the people around you and realize that every single person you see is struggling with something, and to them, it’s just as hard as what you’re going through.”

— Nicholas Sparks, Dear John-

“You never know how much you really believe anything until its truth or falsehood becomes a matter of life and death to you.”

— C.S. Lewis-

“Do I live my life according to my own deepest truths, or in order to fulfill someone else’s expectations? How much of what I have believed and done is actually my own and how much has been in service to a self-image I originally created in the belief it was necessary to please my parents?”

— Gabor Maté, When the Body Says No: The Cost of Hidden Stress-

“We waste so much energy trying to cover up who we are when beneath every attitude is the want to be loved, and beneath every anger is a wound to be healed and beneath every sadness is the fear that there will not be enough time. When we hesitate in being direct, we unknowingly slip something on, some added layer of protection that keeps us from feeling the world, and often that thin covering is the beginning of a loneliness which, if not put down, diminishes our chances of joy.

It’s like wearing gloves every time we touch something, and then, forgetting we chose to put them on, we complain that nothing feels quite real. Our challenge each day is not to get dressed to face the world but to unglove ourselves so that the doorknob feels cold and the car handle feels wet and the kiss goodbye feels like the lips of another being, soft and unrepeatable.”

— Mark Nepo, The Book of Awakening: Having the Life You Want by Being Present to the Life You Have

“There are no forbidden questions in science, no matters too sensitive or delicate to be probed, no sacred truths.”

— Carl Sagan-

### Christina Landman: Sal die kerk ons gelukkig kan maak in 2023? Netwerk24

“Dominee, het Attie toe uit die kerkraad bedank?” “Ja, antie Dorie.” “Waaroor dan, Dominee?” “Daar is dinge waaroor hy ongelukkig is, antie Dorie.” “’n Mens gaan nie kerk toe om geluk te vind nie; ’n mens gaan kerk toe om na die Woord van die Here te luister,” sê antie Dorie. “Net so, antie Dorie.”

Dié gesprek laat jou dink. Ek vra toe 'n paar hoë in verskillende kerke dié vraag: Is dit die kerk se werk om sy lidmate gelukkig te maak? Die antwoorde is 'n bietjie dualisties. Aan die een kant . . . aan die ander kant.

Aan die een kant is dit die kerk se werk om die Woord te verkondig. En ook om 'n ruimte te skep waar broers en susters in die Here bymekaar kan wees. Aan die ander kant wil 'n mens tog darem hê dat dit lekker in die kerk sal wees. Wat is 'n gelukkig-kerk? 'n Kerk waar mense hande klap en troos-versies uit die Bybel sing? Aan die een kant moet die kerk mense sê wat is reg en wat is verkeerd. Aan die ander kant, as jy heeltyd in die kerk hoor hoe sleg jy is of almal in die kerk baklei met mekaar . . . dan loop mense weg na 'n gelukkig-kerk.

Wat is 'n gelukkig-kerk? 'n Kerk waar mense hande klap en troos-versies uit die Bybel sing? Of kan dit aan die ander kant 'n kerk wees wat albei doen: reg leer en regtig gelukkig wees? Dit hoef nie die een of die ander te wees nie. Ons het onder duisende kerkgangers navorsing gedoen oor wat hulle in die kerk gelukkig maak. "Praise and worship" is wat hulle die gelukkigste maak. Die preek kom vierde of vyfde. En terwyl sang mense die gelukkigste maak, maak baklei en agteraf geskinder hulle die ongelukkigste. Dan vra ek 'n volgende vraag aan die hoë. Hoe gaan die kerk mense in 2023 gelukkig maak?

Daar is twee soorte antwoorde. Die een sê: Laat die gemeente meer deelneem met sang, ensovoorts. Die dominee/pastoor moet eenvoudig praat. Hy moenie oor mense se probleme praat nie. Hy moet praat oor dinge waarvoor mense kan sing (en dans). Hy moet mense in 'n ander wêreld van geluk inpraat.

Die kerk moet ook niekerkmense gelukkig maak. Met konkrete hoop en aktiewe liefde teenoor hulle. Die ander antwoorde sê die dominee/pastoor moenie die mense probeer gelukkig maak met 'n vlak teologie nie. Die kerk moet 'n teologie hê wat sy mense sterk maak teen die onheil daarbuite – teen haat, sluipmoorde, korrupsie, kruipende armoede en 'n gebrek aan elektrisiteit en water. So 'n Teologie van Sterkwees steun op mense in die Bybel wat oorleef het – op grond van hul geloof.

Maar die kerk kan nie net "geluk" na binne indra nie. Die kerk moet ook niekerkmense gelukkig maak. Met konkrete hoop en aktiewe liefde teenoor hulle.

Vir my maak die kerk mense gelukkig wanneer hulle vrede uit 'n Bybelse boodskap ervaar. En wanneer hulle meer helderheid kry oor die doel van hul lewe. En dat hulle die sin van hul lewe beter sal insien. En dat dit hulle gelukkig sal maak. En hoe kan 'n mens nou die ouderling wat ongelukkig is met die kerk, gelukkig maak? Hou aan om hom as 'n welkome lidmaat te behandel. Meer as dit kan jy nie doen nie. Die Here se werk is nie my werk nie, sou antie Dorie sê.

*\* Landman is 'n professor in teologie verbonde aan Unisa. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

## **Geestelike waardes: Lewende geheue 'n vereiste vir die kuns van onthou**

Hoekom, kan ons vra, het die koning 'n probleem daarmee? Die ter sake koning is nie Charles of een of ander hedendaagse koninklike nie. Nee, dit gaan oor 'n antieke Egiptiese koning, en meer spesifiek oor hoe hy ter sprake kom in Plato se Phaedrus.

In dié dialoog vertel Sokrates vir Phaedrus die mite van die god Theuth, wat die gode-koning Thamus meedeel dat hy 'n doepa (pharmakon in Grieks) ontdek het wat die Egiptenare slimmer sal maak en hulle sal help met onthou. Die "wondermiddel" wat Theuth aan die koning bekend stel, is die uitvinding van skrif en letters (grammata).

Maar dit is duidelik dat die koning nie oorgretig is om hierdie towermiddel onvoorwaardelik as voordelig te beskou nie. Die pharmakon lyk dalk na 'n geneesmiddel, maar miskien is dit 'n gif. Thamus is daarom nie so seker dat hierdie gawe regtig in diens van wysheid en herinnering sal staan nie.

Die Franse filosoof Paul Ricoeur haal in sy boek Memory, History, Forgetting die Egiptiese koning se antwoord aan Theuth só aan: "In fact, it will introduce forgetfulness into the soul who learn it: they will not practice using their memory because they will put their trust in writing . . . You have not discovered a potion [pharmakon] for remembering, but for reminding; you provide your students with the appearance of wisdom, not with its reality."

Ons sou kon wonder oor die koning se probleem met die nuwe uitvinding. Is sy terughoudendheid nie maar 'n tipiese konserwatiewe reaksie op tegnologiese vooruitgang nie? Die skryfkuns is – soos die internet vandag – tog 'n wonderlike gawe. En Sokrates se woorde kom immers na ons as geskrewe teks.

Maar dit is ook 'n probleem as ons nie meer begrip het vir hoekom die koning 'n probleem het met Theuth se aanbod nie. Want wat die mite op die tafel plaas, is dat herinnering en wysheid nie maar net met die blote toegang tot gegewens te make het wat ekstern aan ons iewers gestoor word nie.

Die kuns van onthou – en die lewenskuns as sulks – steun dus ten diepste nie op 'n dooie deposito van data nie, maar op 'n lewende geheue. Dit gaan oor kennis wat geïnternaliseer word; oor skrif en tekens wat ook op ons hart graveer is.

Waarskynlik moet ons meer ontvanklik as die Egiptiese koning van destyds wees vir nuwe kennisomwentelings, maar dit sal ook onwys wees om die waarskuwende woord te vergeet teen feite sonder liggeme, inligting sonder verhoudings, kennis sonder gemeenskap, wéét sonder worsteling. – **RRV Netwerk24**